

**19 Desember**

**1 Kronieke 14:8 -17**

**(Teks:14:11) God breek die vyand**

Tydens Kersfees word nie net die geboorte van Jesus gedenk nie, maar ook die verlossing van sondes deur Hom. Sonde is nie net 'n gebrek soos baie beweer nie. Sonde is nie maar net 'n tekort aan die goeie nie. Sonde is 'n mag; in sonde sit daar krag. Daarom moet met verlossing uit die sonde mag en krag gepaard gaan. Iets hiervan hoor ons in 1 Kronieke 14. Kort nadat Dawid as koning gesalf is, trek die Filistyne met 'n sterk leër teen hom op. Toe Dawid God aanroep sê die Here: "Ek gee hulle beslis aan jou oor" (vers 19b). Sonder huiwering val Dawid die Filistyne aan en verslaan hulle verpletterend. God gryp in. Na die oorwinning word die veldheer-koning 'n digter. Hy loof God. Hy besing die helpende krag van God. God se hulp was soos water wat 'n damwal breek. Daarom noem Dawid die plek Grootkloof. So 'n krag is nodig by die verlossing. Die sondaar moet uit die sondegroewe gebreek word. Daarom stuur God sy Seun (Miga 2:13). Hy verbreek die werke van die duiwel. Hy vernietig die valsheid van die Satan. Kersfees beteken wel vir die gelowige vrede, geluk, vreugde, maar vir die ongelowige beteken dit ondergang want Christus se werk is om te kloof, te breek, om stukkend te maak. Daar sit geweld in, mag en krag. Dit vorm ook deel van ons Kersfeesvieringe. Deur mag en krag heen is ons verlos. Die kruis is alreeds in die krip sigbaar.

Sing Psalm 35:1      Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)